higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 2

(3011022)

24 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

294Q1N2324

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 2
TYD: 2 ½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae noukeurig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Kyk na komponente in die ekonomie	A	fiskale beleid
		B	krediet
1.1.2	Veranderings in die onderliggende strukture van die ekonomie wat permanent is	C	werkloosheid
		D	tegnologie
1.1.3	Die besigheid gebruik die meeste van sy hulpbronne om goedere te produseer	E	strukturele veranderinge
1.1.4	’n Lening wat mense in staat stel om onmiddelik iets te koop en later daarvoor te betaal	F	spits
		G	prima rentekoers
1.1.5	Kom voor wanneer pryse styg as 'n direkte gevolg van 'n toename in produksiekoste	H	belasting
		I	koste-inflasie
1.1.6	Goedere en dienste wat van ander lande af kom	J	invoere
		K	mikro-ekonomie
1.1.7	Bedrywig met staatsbesteding, belasting en lenings	L	handelsbalans
1.1.8	Rentekoers wat banke hul spesiale kliënte vra		
1.1.9	Dit lei tot 'n verbetering in die land se produkte		
1.1.10	Die aantal mense wat beskikbaar is en werk soek, maar nie werk kan kry nie		

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 … is hulpbronne wat oor 'n tydperk in die natuur vervang kan word.

1.2.2 Inflasie het 'n negatiewe uitwerking op … groei.

1.2.3 Die …-rekening hou rekord van 'n land se betrokkenheid by invoere en uitvoere.

1.2.4 Die … omgewing handel oor die beskikbaarheid en kwaliteit van natuurlike hulpbronne, infrastruktuur en steundienste vir die besigheid.

1.2.5 … is die oordrag van geld van een bankrekening na 'n ander, sonder direkte ingryping deur 'n bankwerknemer.

1.2.6 Bevolkings- … vind plaas wanneer die geboortesyfer hoër as die sterftesyfer is.

1.2.7 … vind plaas wanneer die Rand se waarde teenoor buitelandse geldeenhede toeneem.

1.2.8 SAOG staan vir die … .

1.2.9 Die toestand van nie geld het om kos, klere en skuiling te koop nie, word … genoem.

1.2.10 Wanneer uitvoer meer as invoer is, lei dit tot 'n … betalingsbalans.

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Die finansiële jaar van die Suid-Afrikaanse regering strek vanaf 01 April tot 31 Maart van die volgende jaar.

1.3.2 Proteksionisme beperk invoere uit ander lande deur ingevoerde goedere te belas.

1.3.3 Informele besighede moet by die SAID geregistreer en betaal nie belasting nie.

1.3.4 Lande ruil goedere en dienste uit om ryk te word.

1.3.5 Komplementêre goed is 'n produk wat alleen gebruik kan word.

1.3.6 'n Toename in globalisering dwing besighede om met internasionale besighede mee te ding.

Kopiereg voorbehou

1.3.7 Klimaatstoestande kan nie die rede vir 'n land wees om internasionale handel te betree nie.

1.3.8 Namibië is een van die buurlande waarmee Suid-Afrika sake kan doen.

1.3.9 Arbeid wat weens stakings verloor is, kan nie verhaal word nie.

1.3.10 'n Besigheid sal negatief geraak word as sy omgewing baie besoedel is.

(10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae.

Afrika en die Rusland-Oekraïne-konflik: Gryp die geleentheid in die krisis aan

Die werklike impak op elke ekonomie hou verband met, onder andere, die vlak van afhanklikheid van olie- en gasuitvoere of -invoere, toerisme, en ingevoerde graan en kunsmis. Daar is duidelike langtermyn-implikasies, ingesluit moontlike geopolitieke herbelyning, sosiale en ekonomiese onstabiliteit en skuldonvolhoubaarheid. Dit sal waarskynlik tot toenemende ongelykheid en dieper armoede lei.

https://www.un.org/africarenewal/magazine/africa-and-russia-ukraine-conflict-seizing-opportunity-crisis

2.1 Verduidelik die term *ekonomiese goedere* en gee TWEE voorbeelde van ekonomiese goedere. (2)

2.2 Identifiseer TWEE items, uit die uittreksel hier bo, wat Suid-Afrika kan invoer. (2)

2.3 Verduidelik VIER impakte wat 'n tekort aan olie en gas op die ekonomie van Suid-Afrika kan hê? (4 × 2) (8)

2.4 Noem VIER uitwerkings wat goedkoop invoere op die Suid-Afrikaanse ekonomie kan hê. (4 × 2) (8)

2.5 Verduidelik die uitwerking wat die oorlog tussen Rusland en die Oekraïne op die Suid-Afrikaanse ekonomie kan hê. (4 × 2) (8)

2.6 Stel die wet van vraag. (2)
[30]

VRAAG 3

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

KLIMAATSVERANDERING MAAK OORMATIGE REEN IN 2022-VLOEDE IN SUID-AFRIKA 'TWEE KEER MEER' WAARSKYNLIK

Die oormatige reënval, wat een van Suid-Afrika se dodelikste rampe van hierdie eeu veroorsaak het, is meer intens en waarskynlik as gevolg van klimaatsverandering, het 'n nuwe 'vinnige attribusie'-studie bevind.

https://www.carbonbrief.org/climate-change-made-extreme-rains-in-2022-south-africa-floods-twice-as-likely/

3.1 Noem EEN natuurramp wat deur oormatige reënval veroorsaak word. (2)

3.2 Verduidelik VYF negatiewe effekte op die ekonomie wat deur die antwoord in VRAAG 3.1 veroorsaak word. (8)

3.3 Wat is die verskil tussen geskoolde arbeid en ongeskoolde arbeid? (4)

3.4 Identifiseer VIER oorsake van armoede in die land. (8)

3.5 Wat is die voordele wat 'n land kan geniet deur internasionale handel met ander lande te doen? (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 4

4.1 **Korrupsie in staatsbeheerde maatskappye benadeel minder geskoolde werkers die meeste.**

Ons bevindings is dat die ondoeltreffendheid van ondernemings in staatsbesit en die hoë vlakke van korrupsie wat daarin voorkom, wel na die res van die ekonomie oorspoel.

Corruption https://www.up.ac.za/news/post_3023414-expert-opinion

4.1.1 Verduidelik die konsep, *korrupsie.* (2)

4.1.2 Waarvoor staan SBM ('SOE')? (2)

4.1.3 Verduidelik die negatiewe uitwerking wat korrupsie op die ekonomie van Suid-Afrika kan hê. (10)

4.2 Verduidelik enige VYF funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (5 × 2) (10)

4.3 Wat is die verskille tussen *invoerregte* en *uitvoerregte*? (4)

4.4 Wat is die doel van produksie in die ekonomie. (2)

[30]

VRAAG 5

5.1 Nehawu dreig dat hulle 'n nywerheidsaksie sal onderneem as gevolg van die mislukte loononderhandelings met die regering.

5.1.1 Verduidelik die term *ekonomiese omgewing.* (2)

5.1.2 Watter impak kan die staking op die sakesektor hê? (6)

5.1.3 Noem TWEE groepe mense wat waarskynlik deur die stakings geraak sal word. (2)

5.2 Verduidelik die impak wat 'n verhoging in staatsbelasting op die huishouding en firmas het. (4 × 2) (8)

5.3 Verduidelik kortliks eienskappe van kapitalisme as 'n ekonomiese stelsel. (4 × 2) (8)

5.4 Noem die omgewings wat binne die makro-omgewing aangetref word. (4)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou